

Sondag 16 September

Skrifgedeelte: Rigters 10:1-18

Fokusgedeelte: Rigters 10:1-5

Ongevraagde genade!

By Tola en Jaïr, net soos by Samgar (Rigt. 3:27), is daar nie sprake van die gewone herhalende patroon van die boek Rigters nie. Ons lees die patroon in die res van Rigters 10: die volk doen wat verkeerd is, daar is onderdrukking, verootmoediging en roep om uit-koms, uitkoms van die Here en tydperk van vrede.

Hier, ná die ontsettende verval in die tyd van Abimelek, vrá die volk van die Here nie eers nie, en God stuur Tola! Daar volg 23 jaar van vredige genade! En toe nóg 22 jaar met Jaïr as leier.

Hier staan ook nie van watter vyand die Here hulle verlos nie, maar die antwoord lê ook al eintlik in die vorige hoofstuk: die Here verlos hulle van hulleself!

So wys Tola en ook Jaïr na 'n ander Rigter wat gekom het en ook ongevraagd ons van onself kom verlos het: Jesus Christus ons Here. Dit is onbeskryflike genade!

Sing: Psalm 31-1:15, 17 (Totius)

Ds. GC (Awie) Verhoef (Wierdapark)